Skematiese voorstelling van die verskil tussen die uitsonderlike Zambiese (links) en die gewone swartwitpens (regs)

Dries Visser Jr en Sr van Dries Visser Safaris

Zambiese swartwitpense –

Die reuse swartwitpens (*giant sable*) -eienskappe en -horinglengtegehalte van die uitsonderlike Zambiese swartwitpense het die gewildheid daarvan geweldig laat toeneem. Wildboere is bereid om groot pryse vir die regte diere te betaal om sodoende die gehalte van hulle diere, wat hoofsaaklik afkomstig is van diere wat in Suid-Afrika oorleef het, se horinglengtes en liggaamsgrootte te verbeter – hoe langer die horing, hoe meer is oorsese trofeejagters bereid om daarvoor te betaal.

Na aanleiding van die geweldige belangstelling in hierdie diere het ***WILD & JAG*** begin navraag doen wie almal van hierdie diere ingebring het. Volgens inligting het daar net twee groepe ingekom. Dit het ons geneem na Dries Visser Safaris van Thabazimbi, waar Dries Sr en Jr intensief met hierdie diere boer.

Dries Sr het ons hartlik ontvang en begin vertel hoe dit gebeur het dat hy hierdie diere ingebring het. Volgens hom het hy tydens sy jare in die jagbedryf in Zambië, waartydens hy dwarsdeur die land gejag het, op hierdie langhoring-swartwitpense in die Kafue-areas afgekom, dadelik op hulle verlief geraak en eenvoudig geweet dit is waarmee hy wou teel. Hy het onmiddellik waargeneem hierdie diere het die voorkomseienskappe van die reuse swartwitpense, naamlik die kenmerkende swart maskergesigte. Die vroulike diere is rooi tot rooibruin van kleur, ook met die karakteristieke swart gesigte.

Toe hy met sy kliënte uitsonderlike trofees gejag het, het Dries ook gou besef hierdie diere beskik oor gene wat uitstaande trofeekwaliteite oplewer en om 'n bul van 45"-horinglengte en langer met sy kliënte te skiet, was nie eintlik 'n probleem nie. Hy vertel van 'n geleentheid in die Lunga Busanga-area toe 'n Duitse jagter 'n bul twee keer misgeskiet het en toe tou opgooi het en nie bereid was dat hulle die bul verder moes agtervolg nie, maar verkies het om liewer kamp toe te gaan. "Dít nadat ek hom behoorlik gesmeek het dat ons die bul verder moes agtervolg, want hy sou in sy hele lewe nie weer die kans kry om só 'n uitsonderlike swartwitpensbul te skiet nie." Volgens Dries moes daardie bul ongeveer 53"-horings gehad het. Hy het ons in die SCI se rekordboek daarop gewys meeste van die top 20 inskrywings is in die jagareas om die Kafue geskiet, "wat 'n bewys is dat hierdie diere uitsonderlike gene met horinglengtes van tot oor die 53" het".

Dries het aanvanklik in 1992 begin om met diere van Zimbabwe af te boer, maar nadat hy sy diere van Zambië ingevoer het, het hy al sy Zimbabwediere verkoop en vandag besit hy net Zambiese diere. Met die inbring van dié diere is vereis dat hulle in Zambië in kwarantyn gehou word en bloedmonsters moes twee keer vir toetsing na Onderstepoort gebring word. By hulle aankoms hier moes hulle weer in kwarantyn staan en nog toetse moes gedoen word.

Hy vertel dit het soms moeilik gegaan met die intensiewe telery en hy het ook baie skade gely, maar so deur die jare heen het hy die gewoontes en kwale van die diere beter begin verstaan en vandag gaan dit goed. Hy glo die nageslag sal weer eendag groot trofees kan skiet as gevolg van die wildboer se intensiewe wildtelery en hy hoop die owerhede besef wat die wildboer vandag vir bewaring beteken. "Ek vertrou hulle sal die wildboer bystaan en dit nie vir hulle moeiliker maak nie, en selfs ontmoedig deur streng wetgewing, wat dit vir hulle moeilik maak om skaars wildsoorte te teel.

"Wildboere bestee miljoene rande om hierdie skaars wildsoorte te teel en dus sal niemand beter na hulle omsien as die boer self nie, dus moet wetgewing nie teen hulle gemik wees nie. Ek kan jou verseker as dit nie vir die wildboer en die jagter was nie, sou baie spesies vandag uitwissing in die gesig gestaar het."

Die kenmerkende swart maskergesigte is duidelik te sien by Dries Visser se Zambiese swartwitpense:
1 – Een van die bulle wat aanvanklik van Zambië ingebring is
2 – 'n Prag dragtige vers (2 jaar oud)
3 – 'n Groepie van die koeie wat oorspronklik uit Zambië ingebring is
4 – Jong bulletjies
5 – 'n Vierjarige self geteelde bul saam met vroulike diere en kalwers
6 – Selfs jong kalwers toon die opvallende kenmerke


1

2

enig in hulle soort

3

4

5

6

Hy glo ook natuurlik dat Suid-Afrika eendag die belangrikste jagbestemming in Afrika sal wees, nie net op grond van die wildgetalle nie, maar ook gehalte-trofees van die verskillende skaars wildsoorte wat jagters trek en wat hulle dan hier sal kan jag as gevolg van die wildboere se streng geselekteerde teelprogramme met hierdie diere. "Ek gebruik ook selektiewe koedoebulle tot hulle teeltyd verby is voordat hulle gejag mag word, want as die wildboer dit nie doen nie, sal al die goeie gene uitgeskiet word. Na my mening moet alle wildboere hierdie beginsel op alle spesies toepas en nie net op sekeres nie."

Op 'n vraag waar hy sy diere bemark, sê Dries hy is baie gelukkig dat telers van sy diere weet en tot vandag toe was dit nog nie eintlik vir hom nodig om sy diere op veilings te adverteer nie, want telers kontak hom direk om 'n bul te koop. Die bulle wat hy geteel het, is almal op baie jong ouderdomme by hom geneem en wat vroulike diere betref, is hy nog baie suinig en het slegs 'n paar verkoop nadat telers hom mooi gevra het. Die getalle het egter goed toegeneem en hy oorweeg om binnekort dalk twee of drie teelgroepe, hierdie keer op 'n veiling, te koop aan te bied.

Dries Visser sê lesers wat graag met hom wil gesels, is welkom om hom te skakel by 083 295 3190.